

**NORTHERN CAPE
HUNTERS'
ASSOCIATION**



**NOORDKAAP
JAGTERS-
VERENIGING**

THE/DIE

HARTEBEEES

**DECEMBER 2023
DESEMBER 2023**



E-pos / E-mail: nk.jagters@absamail.co.za

**Posbus/PO Box 1807,
KIMBERLEY
8300**

**Tel: 053 831-1480
Faks na-ure / Fax after hours
086 513 2081**

**Kantoor-ure weekdae
Office hours week days:
08:30 - 13:00**

website/webwerf: www.ncha.co.za

RETRACTABLE SECURITY DOORS

Ensure the safety of the ones you love most...



082 762 9838

Email:

adventurearcherync@gmail.com

www.trelliscompany.co.za

7 YEAR (84 months) WRITTEN GUARANTEE



10% Discount to NCHA members

- 7 Year (84 months) Written Guarantee
- ISO 9001:2008 Certified
- Member of the Security Association of South Africa
- Slam Lock
- 2 Hook Locks
- Double Uprights
- 4-Sided Support
- Polyester Powder Coated
- Also Fixed & Retractable Barriers for Windows
- Accepted by Insurance Companies
- Installation within 3 to 5 working days
- Custom made to all sizes
- A Variety of Colours




SLAM LOCK

- CHOICE OF BOTTOM TRACKS - Galvanised Steel Formed or Extruded Aluminium
- FREE QUOTES
- ALL MAJOR CREDIT CARDS ACCEPTED

CONTENTS/INHOUD

Editorial/Redaksioneel _____	<i>Charles Hall</i> _____	2
David Anthony Knight _____	<i>Charles Hall</i> _____	3
Chairman's Report _____	<i>Charles Hall</i> _____	4
President's Report _____	<i>Michael A Vigne</i> _____	6
Vaalhartstak _____	<i>Clayton Butler</i> _____	8
Winterkamp _____	<i>Carl van Heerden</i> _____	14
Bo-Karoo Jagterstak _____	<i>Bo-Karoo Bestuur Span</i> _____	26
Willistontak _____	<i>Francois Louw</i> _____	28
Blesbok Jag op Rooidam _____	<i>Gavin van Zyl</i> _____	32
Pikkie Days _____		34
Penkop Kamp _____		40
'n Verwerking van Tontie en die Jagpartie uit Orix Rally in die Namib _____	<i>Niek van Zyl</i> _____	49
The real Midlands Meander, a reedbuck odyssey _____	<i>Robbie Vigne</i> _____	56
A Brief History of the Early Days _____	<i>HLM Sweetnam</i> _____	58
MacNab _____	<i>Marnus Bredenkamp</i> _____	60
History of the Coat of Arms _____	<i>Dr. C.M. Kevy</i> _____	73
AGM 2022 _____		100
Photographic Competition Winners _____		109



SwiftPrint_{CO.ZA}
Print our Passion • Quality our Pride

Opinions expressed in advertisements or articles do not necessarily reflect the opinion of the Editor or Northern Cape Hunters' Association.

Front Cover: Photograph by Marcel Fourie

Printing & Layout: *SwiftPrint*, Tel. 086 083 9400, Kimberley

While every effort has been made to ensure the accuracy of its contents, neither Northern Cape Hunters' Association or *SwiftPrint* can be held responsible for any errors or omissions; or misfortune, injury or damages which may arise therefrom.

EDITORIAL/REDAKSIONEEL

CHARLES HALL



This edition has been blessed with an overload of material as it covers activities from both 2022 and 2023. Any editor finding him- or herself in this position experiences bliss and takes on somewhat of a sunny disposition thanks to the absence of what one could colloquially term, "Die Redaksie Blues" resulting from either a shortage of material and/or late submissions.


The essence of our being is portrayed in this 112-page precis of our activities and experiences throughout the past two years and is testimony to the fact that we, the local hunters, are the backbone to financing the wildlife industry and its related environmental conservation spin-offs. From the patter of little Pikkieday feet to creaky boned old souls ascending the treacherous "skietkas" ladder, there will always be one common denominator driving our actions and that my friends can be summarised in one word, "freedom"! The freedom to hunt and experiences that which so many don't understand. The freedom to walk where so many wouldn't dare. The freedom to match the footsteps etched out by our forefathers in pursuit of an essential quarry.... and most importantly, the freedom to call out those that threaten to deface our freedom. It is this very understanding that binds us together in organisations like the Northern Cape Hunters' Association and stimulates the support of publications like our Hartebees.

Gebaseer op die vele terugvoer wat ontvang is die afgelope twee jaar, was daar 'n duidelike toename in aktiwiteite in die jagveld, op die baan en veral met jeug opleiding. 'n Groot dankie aan almal wat die moeite gemaak het om hul ervarings met ons te deel deur hul fotos en skrywes in te stuur vir publikasie. Ek vra onverskoning vir sekere fotos wat nie gebruik is nie, daar is beperkings in terme van spasie en kwaliteit. Gepraat van kwaliteit, 'n vriendelike versoek om asseblief te verseker dat jou foto nie iemand gaan ontstel nie... "If you know what I mean"! Was daai rooi goed af en maak die bok mooi lê met 'n natuurlike agtergrond.

Ons het van ons lojale adverteerders behou en 'n paar nuwes bygekry... baie dankie vir julle ondersteuning. Kyk gerus na wat hulle offer en probeer daar ondersteun so veel as moontlik asseblief. Hulle maak 'n groot bydrae ten opsigte van die koste verbonde aan die druk van die tydskrif. Weereens 'n groot dankie aan Madelaine, ons sekretaresse, vir haar bystand en aan Hayley by Swiftprint vir haar uithouvermoë en kunstigheid om die ontwerp.

Finally, I would like draw your attention to a great loss that we are still trying to come to terms with. David Night, our long-standing Vice-Chairman, passed away earlier this year and has left a massive void in the leadership of the Association and as a friend to so many. We try and bring our respects to David on the adjacent page.

All that is left to say is, relax, ease the daily grind, pick up the magazine and enjoy.



DAVID ANTHONY KNIGHT

5 APRIL 1960 – 27 MARCH 2023

It was with great difficulty that we had to accept that a great soldier had eventually fallen after a valiant fight. Even during his illness, David was the epitome of how he portrayed life while he was active and healthy. This portrayal can be summed up using the following words or expressions:


- Do it properly.
- Don't waste time.
- Call a spade a spade.
- Be practical.
- Have a sense of humour.
- Question things when need be.
- Be firm but caring and honest in leadership.
- Serve your community.
- Share knowledge i.e. teach others.
- Be presentable.
- Have passion for life and for what you do.
- Love your family and friends.
- Be a soldier for what you believe in until the very end.

Those that knew David well, would agree that he was a character of note and although he was not one that took easily to the lime-light, his many talents and personality easily drew people into his realm. As this is a Northern Cape Hunters' Association platform, it is important that I elaborate on his service to this esteemed organisation.

David was hands-on and extremely practical and hence shone when it came to any event that the NCHA might be arranging. His ideas and leadership were legendary which is why when he spoke, others listened! What immediately comes to mind, is the military style precision we sometimes experienced on "Voorlê Shoots" and the effort and detail he put into his lectures at our various junior events like the Winter Camp. Besides the above, he spent many hours around the table as a committee member and served as Vice-Chairman for eight years before falling ill. His commitment to the members of our association and his influence within the hunting fraternity in general is iconic. This service was fittingly rewarded when he was awarded the Hendrik van Eck Trophy in 2022.

We miss having David around, especially his words of wisdom, ethics in the field and unwavering friendship. Our condolences to Debbie, Kyle and Dayne and his extended family. RIP old friend. "The hunt together is ended but the memory lingers"

CHARLES HALL



Red Dune
Taxidermy
Jacobsdal, Suid-Afrika

Ons reeks dienste sluit in:

- Skouermonterings
- Volle monterings
- Kop-/ Europese montering
- Looi van alle velle
- Dip, verpak en uitvoer van produkte

Tel: 053 591 0000
E-pos: [reddUNETaxidermy@yahoo.com](mailto:redUNETaxidermy@yahoo.com)
www.reddUNETaxidermy.com
P.O. Box 207, Jacobsdal 8710

CHAIRMAN'S REPORT

CHARLES HALL


After four terms, this will be the last Chairman's Report flowing from my pen. It has been an honour serving the Northern Cape Hunters' Association and I wish the newly elected chairperson all the best of luck in taking the Association forward for the next couple of years. Also, a special thank you to my committee and Madelaine for the unwavering support, friendship and the honour and pride shown in the execution of their tasks and responsibilities over the years. I will remain committed to serving our members in whatever capacity might be requested of me in future.


So, what is my attraction and that of many others to this special Association? I think by virtue of the fact that we are bound with respect to promoting hunting and conservation of wildlife has a lot to do with it. To expand on this, our drive regarding ethical hunting, respect of fellow hunters and wildlife, the esprit de corps within the NCHA and to be the spark that ignites the passion within our youth are the pillars on which our successes are based. How grateful we are to the wise men that in 1981 laid the foundation to what we now enjoy, 42 years later. Their passion for hunting and love

of our wildlife is clearly portrayed in the Association Coat of Arms which expresses, primarily, how beautifully special the Northern Cape is in what it can offer the outdoorsman. For those of you that have not seen the Coat of Arms, take the time and check the front cover of the NCHA Constitution. There is also a short description in the this edition of the Hartebees Magazine.

We enjoyed a fruitful AGM on 11 November and had lots of fun at the Year-end Function thereafter. My sincere gratitude to all involved in this day, your hard work does not go unnoticed. Further to this, we are ever grateful to Madelaine for always going the extra mile and keeping the business running while we are all busy with other things. Lastly, I wish you all a blessed Christmas and fruitful 2024.

"In a civilized and cultivated country wildlife only continue to exist at all when preserved by sportsmen. The excellent people who protest against all hunting and consider sportsmen as enemies of wildlife, are ignorant of the fact that in reality the genuine sportsman is by all odds the most important factor in keeping the larger and more valuable wild creatures from total extermination." – **Theodore Roosevelt, 26th U.S. President.**





SOUTHERN CHASME 1004
ANDRE DE KROMES - SEPTEMBER 2011

BAIE DANKIE!

Dankie aan **elke kliënt** vir
julle getroue ondersteuning
gedurende die jaar.



KIMBERLEY - 053 831 5284

Fabricia, Kimberley
www.wildmanhuntingandoutdoor.com

WILDMAN
HUNTING & OUTDOOR

While stocks last. E&OE. Terms & conditions apply. Product images are for illustrative purposes only. Actual product and colour may vary. 2 November 2023

PRESIDENT'S REPORT

MICHAEL A VIGNE



DEAR NCHA

I hope you are well?

Please accept my gratitude for allowing me the joy of being a member of your association for over 3 decades.

Thank you for electing me to serve the association in various capacities. I have been extremely enriched by the opportunity which has had me rub shoulders with the: Rudy Bigalke's, Ron Thomson's, Hennie Erasmus', Douglas Cox's, Sandy Cox 's,

Oom Daan Bodenstein's, Andre de Villiers', Andre Potgieter's,

Gadney Fisher's, Johan Olivier's, Hendrik van Eck's, Charles Hall's and Douw Jacobs', to name but a few, of this world.

Be on good terms, as far as possible, with CHASA, however, strive to become an independent, stand on one's own feet, entity. We have got our own accreditation 'nogal'.

All the best with the implementation of the Portal and may it prove the value of its expectation. We are not cut from the same cloth that the others are. In short, our hunter's ethic is not preached, policed or ruled but nurtured and trained. Our management style is from the bottom up and not from the top down. But you know all of the above.

May you be blessed with much wisdom and longevity.

With love and kisses from your retiring President and Honorary Member.

P.S. Good bye, but not farewell.





THE OLD BORN CLUB
ANSEL SMITH, 1906, PLATE 2018



BURCHELL'S ZEBRA
ANSEL SMITH, 1906, NOV 1906

Prints available from the NCHA Office

VAALHARTSTAK

CLAYTON BUTLER

GREETINGS MEMBERS,

So, 2023 is on its way out at a rate of knots ...

Another year passes by with a rush and a bag full of new challenges.

Thank you to the NCHA office and Madelaine in particular for the help and support throughout the year.



Vaalhartstak het die afgelope jaar 'n besige jaar beleef as dit met die vorige paar jaar vergelyk word. Meeste lede het 'n draai in die veld gemaak, ander het 'n paar keer die geleentheid gehad – maar ja, jag bly die hoogtepunt van meeste lede se winter.

Ek wil graag ons gedagtes rig na al die mense wat die ongekende hoeveelheid veldbrande in ons area moes verduur. Veld, lewendehawe, wild, toerusting en infrastruktuur was verwoes, nie te praat van beserings en verlies aan lewens nie. Alle sterkte aan julle almal, ek vertrou dat teen die tyd dat julle hierdie lees, ons al genoegsame reën ontvang het om die situasie aansienlik beter te maak.

Vaalharts het in die laaste siklus nege skietdae aangebied waar daar met jaggeweër, handwapen en haelgeweer geskiet is. By die eersgenoemde was daar onder andere gong skiet, CHASA Tabel en “dangerous game” oefeninge. Die handwapen skuts het “barricade”, “runner”, valplate en tyro geskiet terwyl die haelgeweer mense die kleiduiwe aangepak het. Altesaam het sestig skuts aan die skietdae deelgeneem, met een man wat almal bygewoon het en 'n hele klomp ander lede wat ses en meer bygewoon het. Welgedaan mense!

Die jaar-eind funksie en prysuitdeling is einde Oktober gehou. Dankie aan die Hartswater Rolbalkklub vir die lokaal en spyseniering.

Laaste maar glad nie die minste nie, baie dankie aan die bestuur vir julle puik diens aan die jagtersvereniging. Sonder mense wat die reëlings dryf sal daar niks gebeur nie. Van myself en al die lede 'n baie groot dankie.

Ons wens almal 'n voorspoedige nuwe jaar toe en veilige vakansietyd.

Vaalharts groete.

VAALHARTS GALERY



Bert Pelser was weer besig. Hy het onder andere hierdie mooi blouwildebees saam Velle Nel op die plaas Execelsior gejag...



...asook 'n Ghaapse Berg kombuisbulletjie



Die jonge Wicus van der Merwe word deur "Oom Thys Brits" gehelp op die baan. Guldenskat, Jan Kempdorp.



Jan Briel het die blesbok ram gejag op die plaas Greystone van Oom Pieter van Niekerk en die lechwe ram het hy in NW Provinsie by Wimpie du Plessis platgetrek.





Christine Wright, het 'n mooi blesbok ram "gesnipe" op Hard Rock in die Ulco distrik asook 'n paar varkies , een op die skema en een op Kareeput in die Boshoff distrik.



Die Fouché's



Thomas Fouché het sy 7mm laat praat en was beloon met hierdie pragtige waterbok bul op die plaas Loraine, Kroonstad area.



Thomas het ook hierdie hinks op die plaas Platau raakgeloop. Wel gedaan Thomas.




Tom Fouche met 'n Waterbok bul wat in die Kroonstad ongewing geoes is. Na sy jag het hy die volgende gerapporteer aan ons, "Die Vrystaat is mooi na al die somerreën, die diere is in baie goeie kondisie en troppe "trekwild" is volop te sien.



Tom het Hierdie paar ook op plaas Platau gejag.

Petrus en Johann Barnard was Fort Beaufort toe...



Johann het 'n paar vlakvarke en 'n waterbok bul gelaai.



Petrus met sy twee beeste.



WINTERKAMP

CARL VAN HEERDEN

In hierdie spesiale uitgawe van Die Hartebees sal beide 2022 (3-9 Julie) en 2023 (2-8 Julie) se Junior Jagters Winterkampe gedek word. Die kursus word aangebied op De Beers se plaas Benfontein wat naby Kimberley geleë is.



Die Sondag middag het 15 aspirant junior jagters tussen 15 en 18 jaar oud, bymekaar gekom op Benfontein min wetende watter leersame en interessante week vir hulle voorlê. Gou-gou is ouers en geliefdes gegroet en almal slaapplekke geallokeer in die tente wat hulle vir die volgende week teen die elemente beskerm het.

Eerste op die agenda is almal opgedeel in drie spanne met die volgende spanleiers:

2022: Blesbokke – Kean Topkin, Gemsbokke – Anri Duvenhage, Springbokke – Amone Jonas.

2023: Blesbokke – Luke Krüger, Gemsbokke – Yana Schoeman, Springbokke – Elouise Vorster.


Die onderskeie spanne het op 'n roterende basis daaglikse diensbeurte gedeel vir terrein, kombuis en badkamer diens.



2022 Van l – r:

Staande: Anri Duvenhage, Lian Jonas, Stefan van der Walt, Dale Topkin, Francois Williams, Ethan van der Westhuizen, Waldo Oosthuizen, Janco Engelbrecht, Megan Crous

Sittende: Kean Topkin, Vasco Theron, Amone Jonas, Liam Collings, Joshua du Toit, Shakeel Bhyat.



2023 Van l – r:

Staande: Elouise Vorster, Eduan Naude, Liam Swart, Waldo Oosthuizen, Wihan Senekal

Middel: Jason du Toit, Blake Louw, Victor Marais, Pieter Vorster, Yana Schoeman

Sittende: Anika van der Merwe, Dian de Bruyn, J D Möller, Rohann Swart, Luke Krüger

Die volgende 5 dae was gevul met baie leersame lesings en praktiese demonstrasies van onder andere die volgende onderwerpe en aktiwiteite:


Kaartlees, rigting & oriëntering	Dave Raeburn & Douw Jacobs (2023)
Noodhulp	Andre Keyser
Jag met valke en honde	Julius Koen
Boogjag	Schalk van der Merwe
Herlaai tegnieke	Desmond Masuret & Noel Wewege (2023)
Haelgeweer hantering & veiligheid	Richard Smart
Knope	Nolan vd Merwe & Mark Orton (2023)
Pak van 'n Jagsak	Gawie de Wit
•243 Groepering skiet	Gawie de Wit & Desmond Masuret (2023)
Kleiduif skiet	Mark Harding
Kersskiet met •22 in die aand	Gawie de Wit
Slyp & onderhoud van jagmesse	Douw Jacobs
Nagmars	Johan Olivier
Slag & Bewerking van 'n karkas	Gawie de Wit & Douw Jacobs
Jag regulasies in die Noord-Kaap	Lewellen Festus
Wildsvleis voorbereiding & biltong maak	Gawie de Wit
Sterre & nagtelike oriëntasie in die veld	Neville Fritz
Inleiding tot plante, diere & praktiese geologie	Charles Hall
Vuurwapen wetgewing in SA	Gawie de Wit & Noel Wewege (2023)
Voorlêjag van Springbokke	Johan Olivier
Vuurmaak (sonder vuurhoutjies) en eier kook	Gawie de Wit
Wild, Skedels & Bene identifikasie & Wildsplaas bestuur	Charles Hall
Bestuur in die veld en voertuig herwinning	Carl van Heerden

Die NKJV wil graag al bogenoemde persone wat bygedra het tot 'n baie suksesvolle en insiggewende week bedank vir hulle tyd en insette!

'n Paar hoogtepunte waar die junior jagters op 'n meer praktiese vlak blootstelling gekry het aan, was onder meer die volgende:

Kleiduiw skiet met 'n haelgeweer was vir die meeste 'n eerste blootstelling en almal het dit terdeë geniet. In 2022 het Kean Topkin 15 uit 15 kleiduiwe en in 2023 het J D Möller 18 uit 25 kleiduiwe raakgeskiet.

Meeste van die studente het darem al vantevore met 'n koëlgeweer geskiet (reeds hoekom hulle die kursus bygewoon het) en tydens die 25 meter groepering skiet het Shakeel Bhyat in 2022 geseëvier met die beste groepering van 3.2 mm.



Tydens 2023 was Luke Krüger die wenner met 'n groepering van 9.08 mm



Elke span moes met die basiese bestanddele wat beskikbaar was in die kamp kombuis 'n hoender op die vuur gaarmaak. Die lekkerste hoender in 2022 was opgedis deur die Springbokke: Amone Jonas (K), Ethan van der Westhuizen, Francois Williams en Janco Engelbrecht



2023 se hoenderdis wenspan was die Gemsbokke: Blake Louw, Victor Marais, Pieter Vorster, Yana Schoeman (K) en Jason du Toit.

Die spanne het die lang en uitgerekte nagmars, Donderdag nag terdeë geniet.




'n Definitiewe hoogtepunt van die week was die voorlê jag Saterdag onder die bekwame leiding van senior jagters waartydens meeste van die junior jagters daarin kon slaag om elk 'n springbok te skiet.







Elke junior jagter moes sy/haar eie springbok slag.



2022 Winterkamp



2023 Winterkamp



Baie geluk aan die volgende junior jagters wat tydens die prysuitdelings die volgende toekennings ontvang het:

	2022	2023
Beste Akademiese Student	Vasco Theron	Anika van der Merwe
Beste Groepering	Shakeel Bhyat	Luke Krüger
Beste Kleiduiif Skut	Kean Topkin	J D Möller
Beste Algehele Skut	Vasco Theron	Anika van der Merwe
Beste Span	Die Blesbokke	Die Springbokke
Beste Algehele Student	Vasco Theron	Anika van der Merwe

Die kursus is afgesluit Saterdagand met 'n prysuitdeling en lekker ete vir die junior jagters en hulle ouers.



Die hoogs respekteerde Sean Klemp Gedenk trofee is in 2022 toegeken aan Lian Jonas



Met JD Möller wat met hierdie eer weggestap het in 2023.



Beste span vir 2022 was die Blesbokke bestaande uit Kean Topkin (spanleier), Lian Jonas, Megan Crous, Shakeel Bhyat en Vasco Theron



Tydens 2023 was die beste span die Springbokke onder leiding van Elouise Vorster as spanleier vir Waldo Oosthuizen, Eduan Naude, Wihan Senekal en Liam Swart.

Baie dankie aan Douw Jacobs, Gawie de Wit en Carl van Heerden vir hulle opofferings om weereens die suksesvolle winterkampe te koördineer en aan te bied.

Die NKJV wil graag verskeie borge wat bygedra het tot die week en pryse wat hulle geskenk het bedank vir hulle insette!



www.excellcat.com

We Deliver

BUTCHERY EQUIPMENT

Wide variety of S/Steel tables, knives, meat trays etc available in store



Mincer



Sausage Filler



Vacuum Packer



Bandsaw

KITCHEN EQUIPMENT






Flat Top Griller



Toaster



Deep Fryer



Convection Oven

ICE MACHINES



Gourmet



Super Dice



Self Contained

Scotsman
Ice Systems

21 Schmidtsdrift Road,
Rhodesdene, Kimberley
053 861 4301
excell@isat.co.za

Below are some notes received from students who attended the 2022 Winter Camp:



Dear Ooms

Thank you so much for everything you did for us all at camp. I appreciate your hard work and everything you put in to make this camp possible. It was such a pleasure coming and everything you do is so educational and fun. I enjoyed every last bit of it. Everyone worked so hard to make the camp possible and I appreciate that.

The food was so great and the activities were so fun. I especially thank you all for going out of your way to speak English for me. Thank you for allowing me the opportunity to come. I will never forget the experiences I endured.

Megan



Hallo Ooms

Ek wil net baie baie dankie sê vir die "amazing" week. Ek het dit verskriklik baie geniet. As 'n tipiese stadsmeisie was dit n "great" ervaring. Ek het so baie dinge geleer wat ek nie 'n "clue" oor gehad het van te vore nie. Dit was 'n eer om saam met oom-hulle te werk.

Dit was 'n wonderlike, onvergeetlike week en ek is besonders dankbaar vir oom-hulle se moeite. Dit was definitief "worth it"! Van die besige, praterigste, "one and only".

Amoné



Liewe Ooms en Tannie

Aan die begin was ek baie huiwerig, maar dit was een van die beste weke van my lewe!

Dit was baie wonderlik om nuwe mense te ontmoet en so baie nuwe goed te leer.

Dit was ook n heel nuwe ervaring wat ek baie naby aan my hart sal hou.

Baie dankie vir all julle vriendelikheid en moeite

Anri



Dear Hunting Association

I want to thank you for giving me one of my most memorable weeks to date and priceless information which I will use to the best of my abilities. Thank you for dealing with our nonsense and a special thanks to Oom Gawie for not throwing water at me in the mornings.

Vasco



Ek het baie van die lekker kos gehou en dankie vir die koue wakkermaak in die oggende.

Francois



The Topkin brothers would just like to say thank you very much for the opportunity that we had. We are very grateful for the time that we could spend learning new things and meeting new people. We would also like to say thank you to everyone who stayed with us. My brother and I are very grateful for our sponsors and to all the other sponsors who could make the entire camp possible.

Topkin Brothers



Thanks for giving me lessons and helping me get back to camp.

Joshua



SONDRE

SERVICES WE OFFER:

Shell Lubricants Distributor
TLB, Forklift & Truck Rentals
Chemical Supply & Gas Refills

25 Landbou Road, Kimberley, 8301 053 831 5083 sales@sondrekby.co.za www.sondre.co.za

BO-KAROO JAGTERSTAK

BO-KAROO BESTUUR SPAN

Die Bo-Karoo Tak het 2 skietdae gehad die jaar waar lede hulself weer bietjie op die baan kon bewys. Ons het ongelukkig 'n te kort aan baan offisiere en beloop die kursus fooi vir dit redelik hoog by ons omgewing se wapen opleidings sentrum. Zelich is tans Bo-Karoo se enigste baan offisier. Zelich het ook onlangs 'n groot operasie gehad en wens ons hom 'n spoedige gesond en beter word toe.

Die jaar het Danie Badenhorst ons skietdae gereël en seker gemaak vir 'n goeie gees waar die mense op die baan was.

Ons wil graag vir 2024 probeer om meer skiet dae aan te

bied vir ons lede, asook van die bestuur span op die baan offisier kursus te stuur.

Ons beplan ook om by ons baan die veiligheid op te skerp en sekeriteits kameras op te sit om vandalisme te probeer uit sny.


Die baan is ook altyd beskikbaar vir lede wat gewere wil inskiet, nuwe laadings toets of net die loop wil kom opwarm.

Ons hoop almal gaan 'n lekker feeseisoen hê en die familie tyd geniet.



**BO-KAROO
JAGTERS**

Marnus Bredenkamp was aktief, baie aktief! So word 'n bok gedra my maat. Trots op jou.



WILLISTONTAK

FRANCOIS LOUW

Ons eerste skiet van 2023 is gehou die 18^{de} Februarie te Williston skietbaan. Dit was 'n handwapen dag, want so baie word dit nagelaat om met die handwapens te skiet en net vertrou daarmee te raak. Daar is na papier teikens geskiet op 8 en 10m asook verskeie gonge tussen 15 en 30 meter. Na elke rondte kon die verbetering in groepering gesien word, namate meer selfvertroue en tyd met wapen spandeer is.

Op die 1ste April 2023 het Willistontak sy veldskiet aangebied, waar daar uit verskeie posisies na papier teikens geskiet is tussen die afstande van 50 en 300m. As deel van die kompetisie was daar ook 'n gong baan, met bekende afstande tussen 100 en 400m wat teen tyd op geskiet moes word. Nie deel van die kompetisie, was daar 'n 3-in-'n-span "challenge" waar daar eers na 'n 60mm "explosive" teiken oor 200m geskiet moes word, waarna die res van die span na 'n teiken met die orige beskikbare rondtes oor 250m moes skiet, en het dit vir groot opgewondenheid gesorg! Baie geluk aan Marnel Louw, Adriaan Louw en Willem Symington wat die "challenge" gewen het. Die aand is ons jaarvergadering gehou, waar die pryse uitgedeel is. De Witt Hodgson was die wenner van die dag, met Francois Louw tweede en derde.

'n 22 LR Skietdag is gehou die 20ste Mei waar daar meer gemik was op die kinders om hul liefde aan te wakker vir die sport en is dan net aan hulle pryse oorhandig. Deelname sertifikate is aan almal oorhandig sowel as medaljes aan die eerste drie posisies. Die kinders se baan het bestaan uit 'n papier teiken op 25 en 50m en 'n ballon op 'n 100m wat met 'n bietjie kalk gevul was. Die ope baan was 'n 20mm gong op 25m, 'n papier teiken op 50m en op 75m was daar weer na 'n 40x60mm gong geskiet en 'n 100mm gong op 'n 100m. Daar was 24 inskrywings vir die ope klas waar Marilize Louw as die algehele wenner weggestap het. Geluk Marilize.

Die 16 de Julie is weer 'n 22 LR dag aangebied met net een baan wat deur die groot mense en kinders geskiet is. Dit is geteken as "know your limits" waar daar na 8 gongs op 25m geskiet is wat gewissel het tussen 25mm en 5mm in grote, waar die 5mm as die "joker" bekend gestaan het maar hy was nie veilig nie! Op 100 meter was ook 8 gonge in verskillende grotes en vorms, wat gewissel het tussen 100 en 40mm.

Baie dankie aan almal wat die dae bygewoon het en dankie aan almal wat skouer aan die wiel gesit het met die voorbereidings, die reëlings en die kos. Dit word waardeur en nie mis gekyk nie. Aan al ons borge deur die jaar, 'n spesiale woord van dank.



Williston Skietbaan Aksie



Die huidige Voorsitter - Francois Louw (links) en gewese Voorsitter - Adriaan Louw. Julle is ysters manne!



...en nog meer aksie



De Witt Hodgson (links) was die wenner van die veldskiet kompetisie. By hom is die Voorsitter wat baie netjies lyk.





Francois en Gert Voster.



BLESBOK JAG OP ROOIDAM

GAVIN VAN ZYL

Ek is passievol vir die natuur en jag al sedert my jong dae en het in die tyd baie goeie vriende gemaak. Ek wil graag die volgende storie met julle deel omdat dit vir my n besonderse voorreg was om by te wees met my twee kleinkinders se eerste blesbok jag. Hierdie jag het op 2 verskillende datums gebeur. Ons moes op Rooidam n paar blesbokke uitskiet en het goedgedink om hierdie geleentheid te gebruik om die 2 jong outjies se lewe te verander.

Ek moet ook sê dat die opgewondenheid hoog geloop het en ek was toegegooi met vroeë oor wanneer en hoeveel slabies nog oor was. Nou ja hier volg elkeen se storie.

Jayden 10 jaar oud (5 Maart 2023)

Daar was 'n wit blesbok ooi op sy spyskaart en ons was eers skietbaan toe om 'n paar skote af te trek. Hierdie was ook dan 'n guldige geleentheid om bietjie van wapen veiligheid en skootplasing te gesels. Sy Pa en Boetie was saam en die het bygedra tot 'n klein bietjie senuwees. Dit was nie lank nie en die bokke het tot ruste gekom en 'n geleentheid


gebied, 'n mooi skoot op die skouer en die bok het geval. Vreugde vir almal.

Juan 8 jaar oud (25 Maart 2023)

Deel van die blesbok oes was 'n paar gewone ooie wat ons wou uithaal. Juan sou dan een van hulle skiet. Hy was ook soos boetie skietbaan toe en sy lesse gekry. Twee raakskote op die 100m gong en ek was tevrede. Ons was gelukkig vinnig op die bokke en 'n mooi ooi het geval met n hoë nek skoot

Altwee bokke was ongeveer 80 meter en hulle het albei met my 22-250 geskiet. Die geweer is toegerus met n knaldemper wat hom bietjie langer en moeiliker maak vir die klein outjies maar hulle het hulle goed van die taak gekwyt.

Ten slotte – die twee is sedertdien Pikkiedag toe en hulle het dit baie geniet. Ek dink ons het 2 nuwe jagters in ons midde. Doug the younger one is already making plans to shoot an eland by you next year.





Qualified LP Gas Installer

-  **Douw Jacobs**
-  **083 457 5150**
-  **stskimberley@gmail.com**
-  **13 Memorial Road, Kimberley**

- All Domestic LP Gas vapor appliance installations
 - Gas Stoves
 - Gas Water Heaters
 - Gas Hobs
- Maintenance of LP Gas Appliances
- Gas leak detection
- LP Gas COC (Certificate of Conformance)



PIKKIE DAYS

Exposing our pikkies to fire-arm safety through active participation. Fun in the sun with pellet guns, .22 rifles, .410 shotguns and bows under expert guidance.



Desmond Masuret helping Miss vd Linde.



Douw Jacobs addresses the pikkies at the beginning of an exciting day.



Dr. Phillip Kenny assisting at one of the shooting disciplines.



Mr. van der Merwe taking aim.



Mark Harding handling the shotgun range.



Megan Viviers span die boog soos 'n professioneel.




Noel Wewege gee'n helpende hand.



Nicole du Toit in aksie.



Die Bredenhann's.





Die manne vlnr: Henru Brunette, Luka du Plessis en Jayden Nortje.



Die "girls" vlnr: Mekayla en Megan Viviers saam met Miné Kriek.



Schalk vd Merwe in beheer van die boogskiet. 'n Man met jare se kennis!





Miné Kriek en boetie Tiaan met hulle bewys van bywooning. Hulle het "ge-quality" papa!



Gawie de Wit, Desmond Masuret en Jannie Engelbrecht neem 'n blaaskaans!





Amelda en Madelaine het die kombuis en die admin aan die gang gehou. Dankie julle!



PENKOP KAMP

...Die oorgang van Pikkiedae tot Winterskampe vir die 12-15 jarige. Dit is uniek deur dat dit 'n naweek is waar die ouer sy of haar kind bystaan tydens die verskeie aktiwiteite wat aangebied word. Hoofsaaklik gerug op vuurwapen hantering sluit dit ook 'n aantal ander interessante praktiese oefeninge in wat van nut kan wees in die veld.



Die deelnemers hierdie jaar VLNR Agter: Elmo van Wyk, Willie Oosthuizen, Gawie De Wit (kamp afrigter), Douw Jacobs (kamp afrigter), Waldo Oosthuizen. VLNR voor : Elmo van Wyk jnr., Janco Engelbrecht en Jannie Engelbercht.





ZF, Sachs and Gearmax dealer in the Northern Cape

Gearbox & Diff Centre

GEARBOX & DIFF CENTRE SPECIALISES IN THE OVERHAUL & REPAIR OF:

			
GEARBOXES	ENGINES	PROPSHAFTS	DIFFS
			
FLYWHEEL	CLUTCHES	BRAKES	VEHICLE SERVICES

info@gearboxdiff.co.za | gearboxanddiffcentre.co.za | 053 832 7069

75 George Street | Kimberley | Northern Cape

TOP CLASS PARTS AND SERVICES
SERVICES | PROPSHAFTS | ENGINES | ENGINEERING

Gearbox & Diff is SABS approved

SABS APPROVED

ISO 9001

Five Star Graded Workshop

RMI

miwa

ZF

SACHS

BLESBOK HUNT

KOLOBE ADVENTURES

LUXURY SELF CATERING OR FULL BOARD HUNTING LODGE

KOLOBE ADVENTURES


AFRICAN HUNT SAFARI'S

Home to "Halfkop"
Geographic Centre of South Africa


082 870 8803
082 217 4771
053 833 7083

info@kolobeaventures.com
www.kolobeaventures.com

Three men are sitting in front of the billboard. The man on the left is wearing a camouflage jacket and a hat. The man in the middle is wearing a dark jacket. The man on the right is wearing a brown jacket and a hat.




Preparing for an exciting day.



Is this organised or what?

Johan Olivier, our Hunt Master, with the early morning brief.





Francois Louw het kas gesit maar die blesbokke wou nie saamwerk nie...



... Hy kry toe darem 'n kans op hierdie mooi springbok ram



Selfs Landcruisers sit vas op Kingston na die reën. Charles verlig nadat Doug hom kon uitsleep.





Deano and Megan Mullin were successful.





Clayton Butler and son Luke were also in on the action.



Delivery at the "Slagpale".... front row from left: Willie Oosthuizen, Madelaine Fouche, blesbokke and JJ Scherman. Back row from left : Douw Jacobs, Kevin Harding and Waldo Oosthuizen.




Douw getting busy.




Braai time after a fun day in the bush.



Johan busy with necessary admin.




Achim Ernst and Rio Greyling enjoying a chat.





Wessel Pieterse (seated) with Wessel jnr back left and Hendrik van Zyl.



Grant Mckenzie and Carl van Heerden enjoying that afternoon peace around the fire.



Eric van Rensburg and Richard Smart were also there.



Ammie van Heerden, Clayton Butler and Frans Van Heerden are all smiles.... obviously enjoying themselves thoroughly.



Schalk van der Merwe masterfully taking care of the chow.

'N VERWERKING VAN TONTIE EN DIE JAGPARTIE UIT ORIX RALLY IN DIE NAMIB

NIEK VAN ZYL

JY VRA MY NA HAELGEWEERJAG?

Kom sit saam met my langs my kampvuur van gister, dan vertel ek jou.

In die Weskaap en die Swartland word al van dourie tyd en jare met haelpompe kleinwild gejag. Nie soos ek en jy, hier in die Noordkaap en die binneland, waar ons met koeëlgewere jag nie.

Daardie jare was die enigste jagbare bokke in die Swartland, steenbokke en duikers. Ja, net kleinwild. Die boer het sy veld in stroke gekap om die wind te keer wat dit dan ook vir die jagter makliker gemaak het. Wanneer 'n bok skrik, hardloop die uit die bosgedeelte uit die kortveld in en die jagter kry so 'n oop kans om te skiet.

Boeta Fanie word al vir baie jare deur sy swaer, Jochim, genooi om elke jagseisoen op Tweeriviere in die Hopefield distrik te kom jag. Hy en sy twee vriende, Tokkie en Koos met sy hond, Tontie, het die pad gevat vanaf Stellenbosch jagveld toe. Daar was groot opgewondenheid in die 1954 Hudson. Selfs Koos se hond, Tontie, het deur die gesels en baie praat van die manne 'n fyn blaf-tjankie gegee net om te sê dat hy ook die uitstappie geniet.

Dis 'n oor-en-weer groetery. Van vra na mekaar se welstand tot spog oor 'n nuwe haelgeweer onlangs aangeskaf. Ander vertel van jagte uit die verlede wat enige jagter jaloers sou maak.

Eers 'n vinnige wildsworsie op die kole met 'n boerbeskuit in die een hand en swart, soet koffie in die ander. Dis mos soos dit hoort by 'n jagpartie. Die jagreëls, soos elke jaar, word voorgedra en die manne begin een-een hul gewere uit hul gewearsakke haal.

Die manne stap twee-twee in die bosstrook, 'n paar tree uit mekaar. Een skiet effe regs na vore, die ander effe links na vore. As groep hou hulle mekaar dop en beweeg in 'n linie as veiligheidsmaatreël om so seker te maak dat hulle nie mekaar raakskiet nie. Jy hoor kort-kort 'n doef-doef soos die haelgewere blaf en nie lank nie of die eerste bokke word deur die bakkie wat die groep volg opgelaai. Daar word nog 'n paar steenbokke geskiet en die manne begin terugkeer vir middagete.

Die jag word in die fynste besonderhede om die vuur herleef en elkeen vertel sy weergawe van wat hy ondervind het. 'n Paar Roodebergproppe waai en die gesels vlot goed. Die bokke was lewendig en die Suidooster het met rukke gestoot. Bulle moes ver en vinnig skiet. Dit is nou as veertig treë as ver beskou kan word hier in die Noordkaap. Skuins uit die dwarste kom kommentaar: "Wat jy vandag nodig had is 'n lekker lang loop met 'n bottelnek wat jou die nodige akkuraatheid gee."

"Nee," protesteer Boeta Fanie. "Ek soek 'n kort loop wat nie agter die bosse haak nie, vir vinnig skiet."

So verskil die manne onder mekaar oor die fynere punte

van haelgeweerjag. Daar word geëet en gedrink en selfs resepte oor-en-weer uitgegruil oor die maak van skilpadjies, pofadders en wildswors. Ander laat proe mekaar van hul vorige jaar se biltong en droëwors. Hier eenkant sit en kerf 'n oukêrel aan 'n heel gepaste steenbokboudjie-biltong wat hy volgens sy eie resep en smaak gemaak het.



Na middag-ete gaan stap twee van die manne nog 'n draai met die hoop om ook iets te skiete te kry. Die geluk is aan hulle kant. Die Ford kom laai hul bokke by die slagters af. 'n Steenbok en 'n duiker het in die stof gebly.

Die manne maak aanstalles om te ry. Die karkasse en gewere word gelaai, vleispermitte word uitgereik. Ander kom bedank en groet die plaaseienaar vriendelik met die gedagte en die hoop in die agterkop om volgende jaar weer genooi te word.

